

Ontwikkelingsplan le ter insae vir kommentaar

Hiermee word kennis gegee dat die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan by alle Munisipale kantore en biblioteke in die Langeberg area vanaf 1 April 2014 tot 30 April 2014 ter insae lê.

Hoofstuk 4 van die Munisipale Stelselswet van 2000 meld dat alle munisipaliteite 'n bestuurskultuur moet ontwikkel wat formele, verteenwoordigende regering met 'n deelnemende bestuursstelsel komplimenteer en moet vir hierdie doel, geleenthede skep en die plaaslike gemeenskap aanmoedig om aan Munisipale sake deel te neem – insluitend die voorbereiding, implementering en hersiening van sy Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, ingevolge Hoofstuk 5 van die Wet.

Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP)

Suid-Afrikaanse plaaslike munisipaliteite moet die GOP as 'n metode gebruik om vir spesifieke, toekomstige ontwikkelingsareas in die gemeenskap te beplan. Dit is 'n uitstekende plan wat 'n omvattende ontwikkelingsraamwerk voorsien. Die doel daarvan is om die werk van plaaslike- en ander regeringsfere in 'n logiese plan te koördineer, sodat die lewenskwaliteit van alle inwoners in die area kan verbeter. Die plan neem die huidige omstandighede, probleme en die hulpbronne wat vir ontwikkeling beskikbaar is, in ag. Dit spreek ook sosio-ekonomiese ontwikkeling vir die breë area aan. Voorts, stel dit 'n raamwerk vir infrastruktuur en dienste wat benodig word, grondgebruik asook die bewaring van die omgewing.

Dit neem ses (6) tot nege (9) maande om 'n GOP te ontwikkel. Gedurende hierdie tydperk gaan dienslewering en ontwikkeling voort soos voorheen beplan. Dit word opgestel in konsultasie met forums en rolspelers en die finale dokument moet deur die Raad goedgekeur word. Sodra voltooid, moet die munisipaliteit se beplanning en projekte daarvolgens verloop. Die plan het 'n 5-jaar lewenspan wat direk aan die termyn van die plaaslike raadslede gekoppel is. Na elke plaaslike regeringsverkiesing bepaal die nuwe raad die toekoms van die GOP – die bestaande GOP kan aanvaar word, of 'n nuwe een kan ontwikkel word. Die bestaande plan moet egter in aggeneem word.

Geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning laat 'n munisipaliteit toe om skaars hulpbronne ten beste te benut en help met die bespoediging van dienslewering. Hierbenewens, laat dit raadslede toe om besluite te neem wat op die behoeftes en prioriteite van die gemeenskap geskoei is.